**Die nuwe Jerusalem het die heerlikheid van God**

**Openbaring 21:2, 9-11**

**31 Januarie 2021**

1. Vantevore: God maak alles nuut, insluitend die skepping en die gelowiges. Hy kom by hulle woon, en sal hulle God wees, en hulle sal Sy mense wees. God beloof aan die gelowiges 'n erfenis.
2. Op 21:2 en Op 21:9-22:5 gee beskrywing van die nuwe Jerusalem
3. Is die nuwe Jerusalem 'n letterlike toekomstige stad?
    a. Letterlike interpretasie is gewild, maar het verskeie praktiese uitdagings
    b. Redes hoekom dit nie letterlik geïnterpreteer moet word nie:
        i. Vs 2 en 9: nuwe Jerusalem = bruid. Op 19:7-8: bruid = gelowiges
        ii. Op 3:12: die wat oorwinning behaal = gelowiges = nuwe Jerusalem = tempel
        iii. Op 21:2, 9-10 vs Op 17:1-5: In beide gevalle: een van sewe engele, Johannes moet kom, Johannes word deur Gees meegevoer.
            - In Op 17: sedelose vrou / Babilon / moeder van die goddeloses.
            - In Op 21: bruid / nuwe Jerusalem / vrou van die Lam
        iv. Vervulling van OT profesie (sien hieronder)
4. Hoekom word gelowiges beskryf as die heilige stad, die nuwe Jerusalem?
    a. Jes 52:1-11: Verlossing vir Jerusalem (die heilige stad) beloof, mooi klere aantrek, moet onreines verwyder, dan sal hulle besef dat God God is – vgl met Op 21
    b. Jes 62:1-2, 5: Jerusalem gaan nuwe naam kry, vergelyk met 'n bruid
    c. Jerusalem was Dawidstad, waar die tempelaanbidding plaasgevind het, Jesus gekruisig is
    d. Gal 4:24-26: Abraham se ware nageslag word deur nuwe verbond deel van hemelse Jerusalem
    e. Heb 12:18-23: Gelowiges is eersgeborenes wat deur die nuwe verbond vergader as die hemelse Jerusalem
    f. In Op 21 kan die voltallige hemelse Jerusalem na die nuwe aarde neerdaal
5. Die stad het die heerlikheid van God (vers 11)
    a. Vervulling van: Jes 60:1-2, Sag 2:4-5
    b. Heerlikheid soos die glans van kristalhelder opaal – vergelyk met Op 4:2-3
    c. Maar: stad = gelowiges. Dus, gelowiges ontvang dus die heerlikheid van God!
        i. Mense kan dit nie eens aanskou nie (Eks 33:18, Jes 6:5, Eseg 1:28, Op 1:17)
        ii. Jesus op berg van verheerliking (Mark 9:2-3)
        iii. Verlossingspad eindig in heerlikmaking – ons vergeet soms hierdie einddoel
            - 2 Kor 3:18, 2Kor 4:16-17
    d. Ps 72:19 – wêreld sal met God se heerlikheid gevul wees as gelowiges God se heerlikheid besit
6. Bemoediging
    a. Pad van heiligmaking is moeisaam
    b. Maar die eindresultaat is om God se heerlikheid te mag hê
    c. Gelowiges "het God se heerlikheid", as God se heerlike werk in hulle sy eindpunt bereik en hulle dus God se heerlikheid demonstreer/weerspieël
    d. Daarom raak ons nie moedeloos nie (2 Kor 4:16)